

19 Maart 2009

Jaargang 2 – Uitgawe 7

## In hierdie uitgawe

- Voorblad
- Beroepe en standplase
- Predikante en gemeentes
- Ander nuus
- Ekumeniese nuus
- Agterblad

Teken in op e-Hervormer en ontvang elke uitgawe gratis per e-pos!

- Besoek die webwerf by [www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za) en klik op die "Teken in"-opsie; of
- stuur 'n e-pos aan [karen@nhk.co.za](mailto:karen@nhk.co.za)

Stuur 'n e-pos met nuus en berigte aan die redaksie by [produksie@nhk.co.za](mailto:produksie@nhk.co.za)



**Ons droom is dat alle mense in Jesus Christus sal glo as hoop vir die wêreld**

## Skakels

Webblad van die Hervormde Kerk  
Die Hervormer  
e-Hervormer

[www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za)  
[www.hervormer.co.za](http://www.hervormer.co.za)  
[www.hervormer.co.za/e\\_Hervormer.html](http://www.hervormer.co.za/e_Hervormer.html)



Toe Hy hulle voete klaar gewas het, sê Hy vir hulle:  
"Verstaan julle wat Ek vir julle gedoen het?"  
Uit Johannes 13: 12

## VOORBLAD

### Verklaring van dosente

**Die openbare verklaring van 'n aantal dosente rakende 'n skuldbelydenis oor apartheid het 'n golf van emosionele reaksie ontketen. Briewe via die openbare pers, die internet, e-posse, SMS-boodskappe en telefoonoproepe wat ek persoonlik ontvang het, reflekteer ondersteuning maar ook ontsteltenis wat die verklaring by baie lidmate tot gevolg gehad het. In die lig van die omvang van die reaksie, voel ek verplig om daarop te reageer.**

Die feit dat die verklaring uitgereik is pas na die ontmoeting van die Algemene Kommissie met 'n afvaardiging van die World Alliance of Reformed Churches (WARC), versterk die vermoede dat daar by die dosente die verwagting was dat die Kommissie tydens die geleentheid een of ander vorm van skuldbelydenis moes doen of onderneem, alhoewel die Kommissie nie so 'n mandaat het nie. Die volgende feitelike verloop van die gebeure kan dalk die saak in perspektief plaas.

Die 68ste Algemene Kerkvergadering (AKV) het aan die Kommissie per besluit opdrag gegee om: *...wye en omvattende studie te doen oor die standpunte wat die Kerk in die verlede oor ekumene en lidmaatskap van ekumeniese organisasies gehad het, om sodanige standpunte in die huidige tydgewrig nuut te evalueer, die Kerk volledig daarvoor in te lig en debat daarvoor te stimuleer... met gesprek met WARC voort te gaan. Die agenda vir die gesprek is onder andere die vereistes wat WARC gestel het en ander sake wat die vergadering mag identifiseer. Die 69ste (volgende) Algemene Kerkvergadering neem finale besluite oor die hertoetreding tot WARC (Besluitebundel bladsye 107-108). Daar is ook 'n besluit geneem dat: Die Algemene Kerkvergadering verklaar dat dit verkeerd was om 'n bepaalde regeringsbeleid (apartheid) goed te praat. Dit lê nie op die weg van die Algemene Kerkvergadering om politieke beleide goed of af te keur nie. Hierdie erkenning beteken nie dat die Algemene Kerkvergadering die huidige of 'n moontlike toekomstige beleid goedkeur nie (Besluitebundel bladsy 104).*

In die lig van hierdie besluite het die Kommissie die Raad vir Ekumene versoek om die ondersoek te doen. Die uitkoms van die ondersoek is vervat in 'n dokument wat op die Kerk se webwerf beskikbaar gestel is vir kennisname. Die Kommissie het besluit dat ons ruimte sal bied om al die verskillende standpunte beskikbaar te stel vir bespreking. 'n Memorandum van dr Malan Storm wat 'n ander perspektief bied, is ook op die webwerf geplaas. In ons voorbereidings vir die gesprek met WARC het drie moontlike perspektiewe uitgekristalliseer.

(vervolg op volgende bladsy)



1. Een perspektief is die voorstel van die vorige Kommissie van die AKV wat in die Agenda (68ste) opgeneem is, wat daarop neerkom dat apartheid nie teologies geregverdig kan word nie.
2. Nog 'n perspektief het gestel dat die Bybel nie uitsprake maak oor 'n keuse vir 'n regeringstelsel nie en dat die Kerk geen politieke dispensasie wat teenoor mense diskrimineer, kan goedkeur nie. Dit het betrekking op alle politieke bedelings soos apartheid in die verlede, maar ook die huidige politieke bedeling wat elemente van omgekeerde diskriminasie bevat. Die Kerk bied verskoning aan vir alle mense wat onder diskriminasie gely het onder watter politieke bedeling ook al. Die Kerk bely haar skuld voor God vir sulke optredes (die AKV het dit immers reeds in die verlede per besluit bevestig).
3. Die laaste perspektief is 'n poging om die eerste twee perspektiewe saam te voeg.

Die Kommissie het ooreengekom dat alle lede welkom is om aan die debat deel te neem en die vrymoedigheid moet neem om hulle onderskeie standpunte aan die afvaardiging van WARC te stel.

Ter aanvang van die gesprek met WARC het ek dit baie duidelik gestel dat die Kommissie hulle nie onder 'n wanindruk wil bring nie, maar openhartig die verskillende perspektiewe vir bespreking en kommentaar aan hulle wil voorlê. Na lang besprekings het WARC dit gestel dat hulle nie kan afwyk van die resoluë van Ottawa in 1982 nie, naamlik dat as voorwaarde vir hertoelating die Kerk by wyse van 'n teologiese verklaring moet bely dat apartheid in sy wese sonde is. **Die Algemene Kommissie het nie die mandaat of bevoegdheid gehad om dit namens die Kerk te doen nie en het onderneem om die uitkoms van ons gesprek, oor die voorwaardes vir toelating, aan die volgende AKV voor te lê vir verdere besluitneming.** Ek moet ook vermeld dat verskeie lede van WARC hulle waardering uitgespreek het vir die eerlikheid waarmee die perspektiewe gestel is en dat hulle begrip het vir ons dilemma.

In die lig van die verloop van die gebeure vind ek persoonlik die verklaring van die dosente as voortydig en onnodig. **Die Algemene Kerkvergadering is die instansie wat daarvoor moet besluit.** Al is daar ook by sommige lidmate simpatie met die inhoud, het die voortydige verklaring talle ampsdraers en lidmate, soos te begrype, hewig ontstel. Ek wil 'n ernstige beroep doen dat ons, ter wille van die vrede en goeie orde in die Kerk, die saak met nugterheid en kalmte sal debatteer en nie drukgroepe sal vorm om die besluite van die komende AKV te probeer manipuleer nie. Ons bely tog almal dat besluite van 'n kerkvergadering onder leiding van die Gees geneem word en dat ons daarby sal berus – ook die besluite waarvan ons persoonlik dalk verskil! By 'n volgende vergadering sal ons weer bid en vra dat die Gees van God ons sal lei om die regte besluite in daardie omstandighede te neem.

Prof Theuns Dreyer

## BEROEPE EN STANDPLASE


Kontak asseblief die webbladredakteur, prof Ernest van Eck, by [ernest.vaneck@up.ac.za](mailto:ernest.vaneck@up.ac.za) om vakante standplase op die Kerk se amptelike webblad by [www.nhk.co.za](http://www.nhk.co.za) te plaas.

### Beroep ontvang

- **Ds Frans Ras** van Eendracht na Nigel
- **Prop Tanya Swarts** na Alberton (deeltyds)

### Beroep bedank

- **Dr Ernest Marran** van Waterval Boven na die kombinasie Piet Retief/Pongola/Amsterdam
- **Ds Jaco Vogel** van Heidelberg na Swartkop



Ds Frans Ras

Prop Tanya Swarts



Dr Ernest Marran

Ds Jaco Vogel



## PREDIKANTE EN GEMEENTES

- 'n Kwaadaardige kankergewas is verlede week uit **ds Johan Wagenaar** se nek verwyder. Dit gaan tans beter met hom, en ons bid hom sterkte en 'n volkome herstel toe.



Ds en mev Van Niekerk

- **Ds Piet Steenkamp** het al sodanig herstel na sy hartoorplanting dat hy eredienste kan bywoon. Hy moet egter steeds waak teen infeksie. Kollegas kan hom nou besoek, maar moet asseblief eers 'n afspraak maak.

- **Ds Kerneels (CJS) van Niekerk** vier op Sondag 22 Maart sy 60ste jaar in die bediening. Hy lei om 11:00 die erediens in Gemeente Premiemyn, waar hy en sy vrou die afgelope paar jaar reeds inskakel. Sy skoonseun, ouderling Hannes Neethling, sal by die geleentheid as voorleser optree, en sy dogter, Marietjie Swart, as orrelis. Prof Adriaan Pont sal gelukwense oordra en optree as studentevriend. Ds Van Niekerk het die gemeentes Primrose, Nigel en Ottosdal bedien, en in 1984 emeritaat aanvaar.



Ds Gert Beukes

- **Ds Gert Beukes**, wat aan die einde van Februarie van sy standplaas Belfast/Dullstroom losgemaak is, woon tans op Arnot. Hy is beskikbaar om eredienste te lei, en kan gekontak word by tel 083 726 0114.

- **Ds Rika van Staden**, wat die beroep na Welkom aanvaar het, sal die enigste vrouepredikant in die Vrystaat wees. Haar eggenoot, ds Gert van Staden, is benoemde predikant in die ring van Bothaville, waar hy veral eredienste in die verskillende ringsgemeentes waarneem. Ds Rika word op 19 April ontvang en bevestig. Gemeente Welkom was vakant sedert die vertrek van ds Rudi Schoeman na Schweizer-Reneke.



Ds Rika van Staden Ds Gert van Staden

- **Dr Daan van Wyk (sr)** dien tans as brugpredikant in Gemeente Bloemfontein-Wes. Hy sal die taak drie maande lank behartig.

- Die Kommissie van die AKV het in samewerking met die Taakspan 'n aantal emeriti geïdentifiseer om as **brugpredikante** opgelei te word. Die opleiding sal nog vanjaar geskied. Die Kommissie versoek kerkrade om te let op die verskil tussen 'n brugpredikant en 'n predikant wat pastorale hulp verleen.



Dr Daan van Wyk

- Die volgende **predikante verjaar tussen 19 en 26 Maart** en word van harte gelukgewens:

Vrydag 20 Maart: Di Hannelie Botha, André Harmzen en Lou Swanepoel  
 Saterdag 21 Maart: Ds Heinrich Botha  
 Maandag 23 Maart: Ds Bernie Sneygans  
 Dinsdag 24 Maart: Di Jeanine Bevolo-Manders en Thys Naudé  
 Woensdag 25 Maart: Ds Barnie van der Walt  
 Donderdag 26 Maart: Di Dirk Stoltz en Anton Swanepoel

- Riekus Nortjé, 18-jarige seun van **ds Ferdie en mev Marina Nortjé** van Gemeente Outeniqua, het so pas sy Springbokkleure in gholf verwerf. In Junie neem hy deel aan die wêreldkampioenskappe in Japan. Riekus se suster Esmarie is aan die einde van 2007 deur die rektor van die Universiteit van Stellenbosch aangewys as een van die top 30 eerstejaars op akademiese gebied.



Riekus Nortjé

- Die gemeentes **Carolina en Chrissiesmeer** is tans saam met die Ringskommissie besig met strategiese beplanning oor die toekomstige bediening na die vertrek van ds Hennie Louw na Gemeente Kampersrus. Chrissiesmeer het ongeveer 39 belydende lidmate en Carolina 246. Die gemeentes bestaan 70% uit pensioenarisse wat nie groot finansiële bydraes kan lewer nie.





Ds Frikkie Viljoen

- **Gemeente Breyten** vier op Sondag 29 Maart die 30ste bestaansjaar van sy kerkgebou. Alle oudlidmate en belangstellendes word uitgenooi na 'n feeserediens om 09:30, waarna die gemeente saam gaan kuier. Laat weet asseblief of u die geleentheid gaan bywoon. Kontak die skriba, oudl Hendrik de Villiers, by 017 861 3450 of 082 939 8292, of ds Jasper van der Westhuizen by 013 293 0084 of 083 415 2555.
- Lede van die **Taakspan**, naamlik dr Christo van der Merwe, ds Dries Beukes, dr Jan Oberholzer en mnr Kobus Viljoen, besoek vanaf Maandag 23 Maart die gemeentes in die **ring van Noord-Kaapland**. In samewerking met die Ringskommissie sal strategiese beplanning gedoen word om toekomstige bearbeiding in dié uitgestrekte ring te verseker.
- Die Raad vir Pastoraat en Presbiteraat het die riglyne aan ouderlingevergaderings oor die hantering en berading van persone met 'n homoseksuele oriëntering bykans gefinaliseer. **Ds Frikkie Viljoen** het leiding geneem met die studiewerk. Na afronding en finalisering van die riglyne sal dit aan ouderlingevergaderings deurgegee word.
- **Witbank-moedergemeente** benodig dringend 'n Kanselbybel. Dié Bybels is nie meer in druk nie. Skakel ds Arno Nieuwhof by 073 240 6030 of mev Driesie Hurn by 079 498 8974 indien u kan help. Die gemeente is bereid om vir die Bybel te betaal.
- **Gemeente Verwoerdburg** se e-posadres het verander. Dit is nou **[nhkverwoerdburg@gmail.com](mailto:nhkverwoerdburg@gmail.com)**. Verander asseblief die gegewens op bladsy 130 van die *Almanak*.
- Die gemeentes van die **ring van Losberg** bied op Dinsdag 16 Junie 'n **gholfdag** aan by die Blyvooruitzicht-gholfbaan ten einde die ring se barmhartigheidsfonds aan te vul. Die koste per vierbal is R1 000 (dit sluit die ete met die prysuitdeling in). Die ring benodig dringend borge en donateurs vir veral die volgende:
  - 140 gholphemde (die borg se naam kan daarop verskyn)
  - 2 waterpunte met onder andere bier, koeldrank en water (vir 150 spelers)
  - 150 pakkies biltong of droëwors (± 100 g)
  - Halfweghuisete (± R2 500)
  - Pryse vir spelers (4 van 'n item)
  - Prys vir langste dryf en naaste aan pen (1 van item – waarde ± R500)
  - Vleispryse
  - Borge vir putjies (R1 000 per putjie)

Kontak Johan Booyesen by 082 447 4859 of **[jcbooyesen@eprsecurity.com](mailto:jcbooyesen@eprsecurity.com)** indien u kan help.

## Zimbabwe

- Die Komitee vir die Bediening in **Zimbabwe** is op soek na 'n koelkassie om in 'n motor te gebruik met die motor se batterykrag. Predikante wat die bediening in Zimbabwe behartig, moet kos en koeldrank saamneem vir gebruik tydens die ritte daarheen. Miskien is daar 'n lidmaat wat so 'n koelkassie kan afstaan of borg. Kontak dr Fanie Pretorius by 012 322 8885, ds Colin Hertzog by 013 245 1371 of 082 326 7312, of ds Eksteen Botes by 013 744 0498 of 083 262 0677 indien u kan help.
- Die volgende brief is van ouderling Rinus Graü ontvang:

“Dinge lyk nie te goed hier nie. Die geldsituasie het vir sommige wel verbeter. 'n Mens kan nou enige valuta gebruik behalwe die Zimbabwiese dollar (Z\$). Dit

“Geluk met die nuwe formaat van die *e-Hervormer*! Dit lyk goed en lees lekker, en dra ook die korporatiewe beeld en visie van die Kerk sterk uit.”

**Johan Smit, to care**

is onwettig om die Z\$ te weier, maar daar is niemand wat dit aanvaar nie. Die winkels se rakke is weer redelik vol en alles is te koop, maar net teen VSA\$ of die Suid-Afrikaanse rand, en dan teen 'n premie van sowat 50 tot 300% duurder as wat dit in die RSA kos. Elektrisiteit is 300% duurder as wat dit in die RSA is.

Ons lag en kuier nog in die vaste geloof dat die Here 'n plan het vir Zimbabwe, wat Hy op sy eie tyd sal volbring. Intussen hou Hy sy hand oor ons en sorg, soos altyd, dat ons niks kort wat ons regtig nodig het nie. Die laaste jare se swaarkry het ons nader aan mekaar en aan die Here gebring.”

## ANDER NUUS



Mev Dina Smit

- **Mev Dina Smit**, 'n vorige voorsitter van die NHSV, is Sondag na 'n lang siekbed. Haar begrafnis vind plaas op 26 Maart. Die teraardebestelling is om 10:00 in die begraafplaas van Pretoria-Oos, en die diens om 11:30 in die kerkgebou van Villieria in Ben Swartstraat.
- 'n Bekende ouderling in die ring van Zoutpansberg en verbonde aan Gemeente Van Warmelo op Alldays, **Danie Willemse**, is die afgelope week oorlede. Hy is op 17 Maart begrawe.
- Tydens die afgelope vergadering van die Kommissie van die AKV is die nuwe **Reglement vir SENTIK** en 'n publikasiebeleid goedgekeur. Meer inligting kan van dr Wouter van Wyk, sekretaris vir Toerusting, Inligting en Kommunikasie, verkry word.
- Die Kommissie van die AKV, in oorleg met die Raad van Finansies, het die nuwe **elektroniese bedeling vir die Hervormde Teologiese Studies (HTS)** vanaf Januarie 2009 gemagtig. Die tradisionele intekening verval en geen rekenings word meer aan intekenaars gestuur nie. Daar kan wel op aanvraag harde kopieë van artikels gedruk word, maar aanvraers sal die volle koste daarvan moet dra. Navrae daarvoor kan gerig word aan mev Adri Goosen by 012 420 3806, faks 012 420 4688 of [adri.goosen@up.ac.za](mailto:adri.goosen@up.ac.za).
- **Belangrike vergaderings tot 26 Maart**
  - Die Direksie van die Monumenttehuise op Donderdag 19 Maart
  - Die Finansiële Komitee van Die Ondersteuningsraad op Vrydag 20 Maart
  - Die Dagbestuur van die Algemene Diakensvergadering (ADV) op Vrydag 20 Maart
  - Die Moderamen op Vrydag 20 en Maandag 23 Maart (buitengewone vergaderings)
  - Die Bestuur van Die Ondersteuningsraad op 25 Maart
- Die Ondersteuningsraad loods 'n **nasionale fotografiekompetiesie** met betrekking tot Kinderbeskermingsweek (25 tot 31 Mei 2009). Daar is drie kategorieë, wat laerskoolkinders, hoërskoolkinders en volwassenes insluit. Kontantpryse kan gewen word en enigeen is welkom om in te skryf. Vir meer besonderhede kan Charmaine Fourie by 012 322 8885 of [oraadpb@nhk.co.za](mailto:oraadpb@nhk.co.za) gekontak word.

Die Ondersteuningsraad benodig steeds 'n **matras vir 'n enkelbed vir 'n gesin**. Kontak mev Mariaan Steenkamp by 012 322 8885 of [mariaans@nhk.co.za](mailto:mariaans@nhk.co.za) indien u kan help.

## Konteks van April nou beskikbaar

Die kerklike feesdae in April is Goeie Vrydag (10 April), Paassondag (12 April) en Dankdag vir die Oes (26 April). In die April-uitgawe van *Konteks* word ruim aandag gegee aan dié dae.



In sy redaksionele berig skryf **dr Wian Kloppers** dat die April-uitgawe oor die Opstanding ligter is as die vorige, meer somber uitgawe van die Lydenstyd. Die buiteblad (voor en agter) beeld die boodskap van die Lig wat die duisternis oorwin het visueel uit. Hierdie uitgawe fokus op die manier waarop mense getuies geword het van die allesomvattende en deurslaggewende boodskap: **Die Heer het waarlik opgestaan!** Die dood speel geen rol meer nie, want die Lewe het oorwin. Ja, die dood is dood!



**Ds Martin Meyer** van Standerton skryf dat ons dankbaar is vir die oes op die lande en die vee in die krale. Ons juig daarvoor dat God vir ons reën skenk en so die aarde voed. Ons loof God omdat Hy ons seën en ons in afhanklikheid van Hom kan lewe. Maar dis nie waar dit eindig nie. Dankdag vir die Oes roep ons ook weer op om deeglike en eerlike selfondersoek te gaan doen oor hoe die oes lyk van ons geestelike lewe.

Besoek [www.konteks.co.za](http://www.konteks.co.za) om meer oor dié uitgawe te lees of om op die tydskrif in te teken.

## EKUMENIESE NUUS

### 'n Deurbraak in die verhouding tussen Gereformeerde, Hervormde en Lutherse Kerke

Deur die loop van 2009 herdenk Calvinistiese kerke regoor die wêreld die geboorte van Johannes Calvyn (10 Julie 1509). Een van die sake wat Calvyn na aan die hart gelê het, was die eenheid van die kerk.

Die 11de Konvent van Reformatoriese Kerke in Suider-Afrika het by hierdie gedagte aangesluit, deur die eerste Gereformerd-Hervormd-Lutherse Konsultasie as deel van die Konvent aan te bied. Die 11de Konvent het van 2 tot 4 Maart by die Carmelite Retreat Centre in Benoni plaasgevind. Die gesprek tussen die Lutherse, Hervormde en Gereformeerde Kerke het in 'n besondere goeie gees plaasgevind, en 'n gesamentlike verklaring is daarna uitgereik. In dié verklaring bevestig die Konvent dat die ryk diversiteit van verskillende teologiese perspektiewe binne die raamwerk van ons reformatoriese belydenisse nie 'n bedreiging vir eenheid inhou nie en ook nie die afskaling van verskillende tradisies tot een eksklusiewe model van die verstaan van kerkregering en -diens nodig maak nie. Die deelnemende kerke word aangemoedig om die gesprek op nasionale en plaaslike vlak op te neem ter wille daarvan om in een Gees te praat. Hierdie eenheid moet tasbaar word in die profetiese getuienis teenoor die samelewing as geheel en die staat in die besonder. Heersende sosio-ekonomiese behoeftes soos armoede, werkloosheid, geweld, misdaad, MIV en vigs moet in samewerking met mekaar die hoof gebied word.

*Ons is daarvan oortuig dat God die kerk roep om instrumenteel te wees in die heling van ons subkontinent, en as die erfgename van die Reformasie beskou ons hierdie eerste beweging nader na mekaar as deel van 'n baie groter proses van versoening, waartoe ons ons geroepe sien saam met alle gelowiges. Ons pleit dus by ons broers en susters om die bediening van versoening (2 Korintiërs 5) as ons Godgegewe voorreg en verantwoordelikheid te aanvaar.*

By die Konvent is ook afskeid geneem van dr Neels Smit van die Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika. Hy was sedert die eerste Konvent die algemene sekretaris. Ds Etienne Fourie van Gemeente Kempton is aangewys as die nuwe algemene sekretaris. Daar is ook besluit dat die NHKA in 2010 as gasheer van die 12de Konvent van Reformatoriese Kerke sal optree.

**Dr Wim Dreyer**  
**Sekretaris: Raad vir Ekumene**



Ds Etienne Fourie (links), nuwe algemene sekretaris van die Konvent






# AGTERBLAD

## Menseregte

**Saterdag 21 Maart vier Suid-Afrika Menseregtedag. Die viering van so 'n dag vra van die kerk 'n beoordeling wat na vrae lei soos: Op watter basis moet die sosiaal-maatskaplike lewe ingerig word (wat is die rol van die individu, volk, groep en minderhede); wat is die verhouding tussen kerk en staat; wat is die kerk se posisie in die samelewing; wat is die mens se opvatting van sy menswees; en hoe is God God in die geskiedenis?**



One law for one nation

Die kerkgeskiedenis dui aan dat die mens en sy wêreld gedurende die eerste eeu tot die 17de eeu sy menswees en werklikheid vanuit die verhouding met God verstaan het en so word dit bely: *Ek glo in God, die almagtige Vader, die Skepper van hemel en aarde...* Wat die mens is, is in terme van sy verhouding met God verstaan, naamlik 'n ideale toestand met God, die sondeval en 'n gebrokenheid wat die mens in sonde geskei en vreemd teenoor God laat staan het. In Christus, Godmens, is die mens deur God regverdig verklaar – die verhouding is herstel en die mens word gerig op Christus, die tweede Adam.

In toenemende mate het die fokuspunt van God na die mens verskuif. Die menslike rede, ervaring en bestaan het die vertrekpunt geword om God en die werklikheid te verstaan, en onder invloed van filosofiese, sosiaal-maatskaplike én teologiese nadenke is die werklikheid op 'n ander basis geplaas. In sy studie *Anthropology in Theological Perspective* stel Wolfhart Pannenberg dat waar die Christelike godsdiens eers gedien het as basis vir geestelike eenheid in die sosiale sfeer, tree in die plek daarvan 'n gedeelde menskonsep, menslike waardes en menseregte na vore. Dit word die basis vir sosiale saambestaan.

Dit het verreikende gevolge vir die kerk en haar verkondiging. Na bykans twee dekades waartydens die Suid-Afrikaanse samelewing 'n beroep op menseregte gedoen het, is die vraag of die kerk getrou aan haar wese en opdrag gebly het. Of is daar 'n kompromie bereik tussen twee werklikheidsbeskouings? Kan die kerk nog aanspraak maak dat God God is, Skepper van alle werklikheid – of word godsdiens uitgeskuif tot die private sfeer, ondergeskik aan die moraliteit en etiek van dit wat as menslik beskou word? Hoe moet God se Godwees ons menswees bepaal?

Menseregte en die inhoud daarvan bied opnuut aan die kerk geleentheid om vanuit God se Godwees ons menswees te beoordeel. So het Johannes in die Openbaring die kerk van sy tyd gewys dat ruimte en tyd verder strek as die mens. Christus se almag en heerskappy oor lewe en dood, tyd en ruimte omgrens die mens, en nie andersom nie.

Dit is gevaarlik vir die kerk om 'n kompromie aan te gaan met iets wat naas of teenoor Christus staan. Trouens, deur getuie te word van Christus se band met die mens, handhaaf die kerk 'n kritieke afstand teenoor begrippe soos vryheid, gelykheid (gelykkansigheid) en broederskap (partisipasie).

Die viering van 'n Menseregtedag nasionaal en internasionaal plaas die verhouding tussen God en mens, kerk en wêreld opnuut in die brandpunt. Aan die lidmate van die Kerk word gevra of ons Christus-belydend leef in 'n wêreld van menseregte.

**Dr Christo Pretorius  
Gemeente Pretoria**